

MYCIDE 200 EW

Act No. 36 of 1947 / Wet Nr. 36 van 1947
SA Reg. No. L11302

**READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP

3

FUNGICIDE

PRODUCT INFO:

An oil in water emulsion fungicide for the control of diseases on crops as listed.

PRODUK INFO:

'n Olie in water emulsie swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos gelys.

HAZARD STATEMENTS:

May be harmful if swallowed
May be harmful in contact with skin
Causes serious eye irritation
Suspected of damaging the unborn child
Harmful to aquatic life with long lasting effects

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling.
Do not touch eyes.



WARNING

Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel

Myclobutanil (triazole)

200 g/ℓ

Miklobutaniel (triasool)

Net (ℓ) SEE CONTAINER

Registration Holder / Registrasiehouer



ICA International Chemicals (Pty) Ltd. • Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • STELLENBOSCH • 7600 • SOUTH AFRICA
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za



What is
GHS?

Batch No.
Date of Manufacture
Expiry Date

SEE
CONTAINER

Lot Nr.
Datum van Vervaardiging
Vervaldatum

**In case of poisoning, call the following number: Human Poison Helpline +27-861 555 777
Emergency number: Griffon Poison Information Centre +27-82 446 8946**

MYCIDE 200 EW

Act No. 36 of 1947
SA Reg. No. L11302

An oil in water emulsion fungicide for the control of diseases on crops as listed

- Control of scab on pome fruit (apples and pears).
- Control of powdery mildew on cucurbits, peppers, pome fruit, stone fruit, strawberries and ornamentals.

ACTIVE INGREDIENT:

Myclobutanil 200 g/l

REGISTERED BY:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. No. 2001/013319/07
28 Planken Street • Plankenbrug Industrial • Stellenbosch • 7600 • South Africa
Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

WARNINGS

May be harmful if swallowed
May be harmful in contact with skin
Causes serious eye irritation
Suspected of damaging the unborn child
Harmful to aquatic life with long lasting effects

WITHHOLDING PERIODS (Minimum number of days between last application and harvest):

- ▶ *Cucurbits* 1 Day
- ▶ *Ornamentals* Not applicable
- ▶ *Peppers* 1 Day
- ▶ *Pome fruit (apples and pears)* 14 Days
- ▶ *Stone fruit* 1 Day
- ▶ *Strawberries* 1 Day
- ▶ *Tomatoes* 1 Day

Compliance with these withholding periods and application methods will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL), but the import tolerances of other countries might possibly be exceeded. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended withholding periods. Although **MyCide 200 EW** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **MyCide 200 EW** must be tested on new cultivars prior to usage over big areas.

RE-ENTRY INTERVAL: Do not enter treated area for one day after application, unless wearing protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man/animal or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

If medical advice is needed, have product container or label at hand.
Obtain, read, and follow all safety instructions before use.
Wash hands and exposed skin thoroughly after handling. Do not touch eyes.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves, protective clothing, eye and face protection.
IF SWALLOWED: Get medical help.
IF ON SKIN: Get medical help.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.
If eye irritation persists: Get medical help.
If exposed or concerned, get medical advice.
Store locked up.
Dispose of contents and container in accordance with national regulations.

TRIPLE RINSE THE EMPTY CONTAINER AS FOLLOWS: Invert empty container over mix or spray tank and allow draining for at least 30 seconds until flow has slowed to a drip. Triple rinse the empty container with clean water equal to a minimum of 30 % of the volume of the container. Add rinsing to the contents of the spray tank. Offer container for recycling or puncture and dispose of at authorised landfill (www.croplife.co.za). Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.

RELEVANT SUBSTANCES:

Myclobutanil (Cas no: 88671-89-0) Acute Oral Toxicity Category 4, H302; Eye Irritation Category 2, H319; Reproductive Toxicity Category 2, H361d; Aquatic Chronic Category 2, H411 (20 % w/v).

FIRST AID TREATMENT

In case of accident or if you feel unwell seek medical advice immediately and show this LABEL where possible.

- INHALATION:**
- Remove the victim from immediate source of exposure. Move the victim to fresh air, if it can be done safely, and keep comfortable. If the victim's breathing has stopped, perform artificial respiration.
 - Administer oxygen if victim's breathing is difficult or irregular. Get medical help.
- SKIN:**
- Remove and isolate contaminated clothing, shoes, and leather goods immediately and take a shower.
 - Rinse affected areas (skin) with non-abrasive soap or mild detergent and large amounts of running water. Wash contaminated clothing before reuse.
 - Get medical help if irritation develops and persists.
- EYES:**
- Rinse eyes cautiously with clean running water for at least 15 minutes, while holding eyelids apart. Remove contact lenses after 5 minutes if present and easy to do.
 - Continue rinsing while holding eyelids apart. Seek medical help if irritation continues.
- INGESTION:**
- If swallowed, DO NOT induce vomiting, unless instructed to do so by poison control center or doctor.
 - Rinse mouth and have person sip a glass of water if able to swallow.
 - Never give anything by mouth to an unconscious person.
 - If vomiting does occur, keep on giving fluids. Get emergency medical help immediately.
- NOTE TO PHYSICIAN:**
- There is no specific antidote. All treatments should be based on observed signs and symptoms of distress in the patient.
- POTENTIAL HEALTH EFFECTS:**
- Effects of exposure (inhalation, ingestion, or skin contact) to substance may be delayed. Suspected of damaging the unborn child.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **MyCide 200 EW** consists of a group code (3) fungicide. Any fungal population may contain individuals naturally resistant to **MyCide 200 EW** and other group code (3) fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungal population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **MyCide 200 EW** or any other group code (3) fungicides.

To delay fungicide resistance:

- avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes,
- for tank mixing or alternation with products in other fungicide group codes, refer to individual product labels,
- integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

MODE OF ACTION

Myclobutanil is a triazole systemic fungicide with curative, protective and eradicated properties. Myclobutanil works by inhibiting the biosynthesis of ergosterol, an important component of fungal cell membranes. This leads to the disruption of the fungal cell membranes and reduce fungal viability.

USE RESTRICTIONS

Refer to **APPLICATION TABLE** below for more information regarding possible **MyCide 200 EW** use restrictions.

DIRECTIONS FOR USE – use only as directed

COMPATIBILITY:

MyCide 200 EW is compatible with most other crop chemicals normally used in apples and pears.

MIXING INSTRUCTIONS:

Pour the correct quantity of **MyCide 200 EW** to ½ of the required water in the spray tank while agitating to form a homogenous emulsion. Fill the spray tank with rest of the water while agitating. When preparing a tank mixture: while agitating the spray tank water, add the compatible products to ½ of the water in the following sequence: If mixing partners are packed in water-soluble bags, add the soluble bags first followed by wettable powders, water dispersible granules, suspension concentrates, emulsifying concentrates such as **MyCide 200 EW** and soluble concentrates last. Top up the mixing tank with the required quantity of clean water whilst agitating. Agitate constantly before and during application. Use the spray mixture immediately, or within 3 hours of preparation. DO NOT leave the prepared spray mixture in the spray tank for any length of time, e.g., overnight. Clean applicator before and after use. Dispose of wash water where it will not contaminate rivers and dams.

ORCHARD APPLICATION:

The spray volume needed per hectare for high and low volume application at a specific growth stage must be determined accurately according to the row-tree-volume-method as described by Unrath (Deciduous Fruit Grower, November 1986). The **MyCide 200 EW** rate per hectare for high and low volume application is then determined according to the spray volume per hectare calculated for high volume application.

Water volume (ℓ) per hectare required for full cover spray using tree row volume (TRV) calculation:

- TRV (Full leaf)
ℓ water/ha = (Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width

Use the water volume per hectare to calculate the required amount of **MyCide 200 EW** per hectare, depending on the various growth stages.

- TRV (Up to +/- 30 % blossom)
ℓ water/ha = [(Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width] X 60 %
- TRV (Full blossom to +/- middle November)
ℓ water/ha = [(Tree Height X Tree Diameter X 937)/Row Width] X 80 %

Low Volume Application:

Use the same amount of **MyCide 200 EW** per hectare for low volume application as calculated for the high volume application.

All spray applications must be made with suitable equipment that is in good working order and correctly calibrated to give the desired coverage for that particular method of application.

APPLICATION TABLE		
CROP and DISEASE	DOSAGE per 100 ℓ water (High Volume Application)	REMARKS
CUCURBITS Powdery mildew <i>(Golovinomyces cichoracearum)</i>	100 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative control programme, with 10 – 14 day spray intervals, at first signs of disease development. Ensure full coverage on all parts of the plant. Apply up to five (5) MyCide 200 EW applications on the crop. For effective seasonal control, it is very important to alternate every two (2) MyCide 200 EW applications with fungicides^a from other FRAC group codes to avoid generating fungicide-resistant strains.
PEPPERS Powdery mildew <i>(Leveillula taurica)</i>	42 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative control programme, with 14 day spray intervals, at first signs of disease development. Ensure full coverage on all parts of the plant. Apply up to four (4) MyCide 200 EW applications on the crop. For effective seasonal control, it is very important to alternate every two (2) MyCide 200 EW applications with fungicides^a from other FRAC group codes to avoid generating fungicide-resistant strains.
POME FRUIT APPLES and PEARS Scab <i>(Venturia spp.)</i> APPLES Powdery mildew <i>(Podosphaera leucotricha)</i>	15 mℓ MyCide 200 EW Plus Recommended rate of a suitable broad spectrum fungicide such as mancozeb or captab.	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative control programme, with 7-day intervals, at green tip, up to 75 % petal fall – the primary infection period. During the post-75 % petal fall stage, apply the spray programme with 14-day intervals.
STONE FRUIT Powdery mildew <i>(Oidium leucoconium</i> synonym: <i>Sphaerotheca pannosa)</i>	15 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative programme at the onset of the first symptoms, with 10 – 14 day intervals. Apply only twice on fruit per growing season. Apply MyCide 200 EW within a preventative spray programme with fungicides from other FRAC groups.
STRAWBERRIES Powdery mildew <i>(Podosphaera macularis)</i>	250 mℓ/ha MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative control programme, with 7-days spray intervals, at first signs of disease development or when conditions favour disease development. Apply up to three (3) applications of MyCide 200 EW on the crop. For effective seasonal control, it is very important to alternate at least every two (2) MyCide 200 EW applications with fungicides^a from other FRAC group codes to avoid generating fungicide-resistant strains.
TOMATOES Powdery mildew <i>(Leveillula taurica)</i>	42 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Commence a preventative control programme, with 7 – 10 day spray intervals, at first signs of disease development. Ensure full coverage on all parts of the plant. Apply up to three (3) applications of MyCide 200 EW on the crop. Do not apply two (2) MyCide 200 EW applications directly after each other within a spray programme. For effective seasonal control, it is very important to alternate each MyCide 200 EW application with fungicides^a from other FRAC group codes to avoid generating fungicide-resistant strains.
ORNAMENTALS Powdery mildew	45 – 90 mℓ MyCide 200 EW	<p>CAUTION: MyCide 200 EW was not tested on all ornamental species or cultivars, test a few plants before widespread use.</p> <ul style="list-style-type: none"> Withholding period is not applicable, but do not handle treated plants while still wet. Commence a preventative control programme, with 10 – 14-day intervals at the onset of first symptoms. Use higher rate under conditions of high disease pressure. Do not apply more than 580 mℓ product per hectare. Apply MyCide 200 EW within a preventative spray programme with fungicides from other FRAC group codes.

^a Only use registered products as registered in spray programmes.

MYCIDE 200 EW

Wet Nr. 36 van 1947

SA Reg. Nr. L11302

’n Olie in water emulsie swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui

- Beheer van skurfsiekte op kernvrugte (appels en pere).
- Beheer van poeieragtige meeldou op aarbeie, kernvrugte, pampoengewasse, rissies, steenvrugte en sierplante.

AKTIEWE BESTANDEEL:

Miklobutaniel 200 g/ℓ

GEREGISTREER DEUR:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd., Reg. Nr. 2001/013319/07

Plankenstraat 28 • Plankenbrug Industrieël • Stellenbosch • 7600 • Suid-Afrika

Tel. +27-21 886 9812 • www.icaonline.co.za

WAARSKUWINGS

Mag skadelik wees indien ingesluk
Moontlik skadelik in aanraking met vel
Veroorsaak ernstige oogirritasie
Vermoede dat dit die ongebore kind beskadig
Skadelik vir waterlewendende organismes met langdurige gevolge

ONTHOUDINGSPERIODES (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes):

- ▶ *Aarbeie* 1 Dag
- ▶ *Kernvrugte (appels en pere)* 14 Dae
- ▶ *Pampoengewasse* 1 Dag
- ▶ *Rissies* 1 Dag
- ▶ *Sierplante (Ornamentele plante)* Nie van toepassing
- ▶ *Steenvrugte* 1 Dag
- ▶ *Tamaties* 1 Dag

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes en toedieningsmetodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoereisies van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel word bestem is vir uitvoer, raadpleeg die betrokke in- of uitvoerder rakende die gebruik van hierdie produk, die MRL en aanbevole onthoudingsperiodes. Alhoewel **MyCide 200 EW** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat ’n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. **MyCide 200 EW** moet eers getoets word op nuwe kultivars voordat dit oor groot areas aangewend word.

HERBETREDINGSINTERVAL: Moet nie behandelde gebied binnegaan vir een dag na behandeling nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir ’n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
Was hande en blootgestelde vel deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.
INDIEN INGESLUK: Kry mediese hulp.
INDIEN OP VEL: Kry mediese hulp.
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
Indien blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor ’n meng- of spuitkenk en laat vir ten minste 30 sekondes leegloop totdat die vloeï stadiger word tot ’n gedrup. Spoel die leë houer drie maal met skoon water gelyk aan ’n minimum van 30 % van die volume van die houer. Voeg spoelwater by die inhoud van die spuitkenk. Bied houer aan vir herwinning of perforeer dit en raak daarvan ontslae by ’n gemagtigde opvulterrein (www.croplife.co.za). Moenie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Miklobutaniel (Cas no: 88671-89-0) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Ernstige Oogirritasie Kategorie 2, H319;

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van 'n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

- INGEASEM:**
- Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik.
 - Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp.
- VEL:**
- Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort.
 - Spoel aangetaste areas (vel) met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
- OË:**
- Spoel oë versigtig met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen.
 - Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- OPNEMING:**
- Indien ingesluk MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen.
 - Spoel mond uit en laat persoon slukkies van 'n glas water neem indien in staat om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.
 - Indien vomering plaasvind, hou aan vloeistowwe gee. Kry mediese hulp.
- NOTA AAN GENEESHEER:**
- Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
- MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE:**
- Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: **MyCide 200 EW** is 'n groepkode (3) swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **MyCide 200 EW** of enige ander groepkode (3) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **MyCide 200 EW** of enige ander groepkode (3) swamdoders beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes,
- raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groepkodes,
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

WERKINGSWYSE

Miklobutaniel is 'n triasool sistemiese swamdoder met genesende, beskermende en uitwissende eienskappe. Miklobutaniel werk deur die biosintese van ergosterol te inhibeer, 'n belangrike komponent van selmembraan ontwikkeling. Dit lei tot die ontwrigting van swam selmembraan ontwikkeling en verminder die swam se lewensvatbaarheid.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Verwys na **TOEDIENINGSTABEL** hieronder vir meer inligting rakende moontlike **MyCide 200 EW** gebruiksbepelings.

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

MyCide 200 EW is verenigbaar met meeste ander plantbeskermingsmiddels wat algemeen op appels en pere gebruik word.

MENGINSTRUKSIES:

Voeg die korrekte hoeveelheid **MyCide 200 EW** by ½ van die verlangde water in die spuittenk terwyl dit geroer word om 'n homogene emulsie te vorm. Hou aan met roer en vul die spuittenk met die res van die verlangde water. By die voorbereiding van 'n tenkmengsel: voeg die verenigbare produkte by ½ van die water in die volgende volgorde: Indien mengmaats in wateroplosbare sakkies verpak word, moet die wateroplosbare sakkies eerste bygevoeg word gevolg deur benatbare poeiers, wateroplosbare korrels, suspensie konsentrate, emulsifideerde konsentrate soos **MyCide 200 EW** en oplosbare konsentrate laaste. Maak die spuittenk vol met skoon water tot by verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Roer mengsel aanhoudend voor en tydens toediening. Aangemaakte spuitmengsels moet dadelik gebruik word, of binne 3 uur van voorbereiding. MOENIE die aangemaakte spuitmengsel vir 'n geruime tyd, bv. oornag, in die spuittenk laat nie. Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi afvalwater weg sonder om die omgewing te besoedel.

BOORD AANWENDING:

Die betrokke spuitvolume benodig per hektaar vir hoë- en lae-volume toediening vir 'n spesifieke groeistadium moet bereken word volgens die boom-ry-volume-metode soos beskryf deur Unrath (Sagte Vrugte Boer, November 1986). Die toedieningsdosis per hektaar van **MyCide 200 EW** vir hoë- en lae-volume word dan bereken volgens die spuitvolume per hektaar soos bereken vir hoë-volume toediening.

Water volume (ℓ) per hektaar (ha) benodig vir hoë-volume aanwending volgens boomry volume (BRV) berekening:

- **BRV (Volle Blad)**
 $\ell \text{ water/ha} = (\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937) / \text{Rywydte}$

Gebruik die water volume per hektaar om die hoeveelheid **MyCide 200 EW** per hektaar benodig te bereken, afhangende van die verskillende groeistadiums in die seisoen.

- **BRV (Groenpunt tot +/- 30 % blom)**
 $\ell \text{ water/ha} = [(\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937) / \text{Rywydte}] \times 60 \%$

- **BRV (Volblom tot +/- middel November)**
 $\ell \text{ water/ha} = [(\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937) / \text{Rywydte}] \times 80 \%$

Lae Volume Aanwending:

Gebruik dieselfde hoeveelheid **MyCide 200 EW** per hektaar vir lae-volume aanwending soos bereken vir hoë-volume aanwending.

Alle toedienings moet gemaak word met geskikte toerusting wat in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is ten einde die verlangde bedekking te gee vir die betrokke toedieningsmetode.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	DOSIS per 100 ℓ water (Hoë-Volume Aanwending)	OPMERKINGS
AARBEIE Poeieragtige meeldou <i>(Podosphaera macularis)</i>	250 mℓ/ha MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> • Begin 'n voorkomende beheerprogram, met 7 dae spuitintervalle, by die eerste simptome van siekte-ontwikkeling of wanneer toestande siekte ontwikkeling bevoordeel. • Dien tot drie (3) toedienings van MyCide 200 EW op die gewas toe. • Vir effektiewe seisoenale beheer is dit baie belangrik om ten minste elke twee (2) MyCide 200 EW toedienings met swamdoders^a van ander FRAC groepkodes af te wissel, om te voorkom dat swamdoderbestande stamme gegeneer word.
KERNVRUGTE APPELS EN PERE Skurfsiekte <i>(Venturia spp.)</i> APPELS Poeieragtige meeldou <i>(Podosphaera leucotricha)</i>	15 mℓ MyCide 200 EW Plus Aanbevole dosis van 'n geskikte breëspektrum swamdoder soos mankoseb of kaptab.	<ul style="list-style-type: none"> • Begin 'n voorkomende beheerprogram met 7-dag intervale, by groenpunt tot en met 75 % blomblaarval – die primêre infeksie-periode. • Dien die voorkomende beheerprogram gedurende die na-75 % blomblaarval stadium toe in 14-dag intervale.
PAMPOENGWASSE Poeieragtige meeldou <i>(Golovinomyces cichoracearum)</i>	100 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> • Begin 'n voorkomende beheerprogram, met 10 – 14 dae spuitintervalle met die eerste simptome van siekte ontwikkeling, • Verseker volledige bedekking van alle plant dele. • Dien tot vyf (5) MyCide 200 EW toedienings op die gewas toe. • Vir effektiewe seisoenale beheer is dit baie belangrik om na elke twee (2) MyCide 200 EW toedienings met swamdoders^a uit ander FRAC groepkodes af te wissel om die ontwikkeling van swamdoderbestande stamme te vermy.
RISSIES Poeieragtige meeldou <i>(Leveillula taurica)</i>	42 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> • Begin met 'n voorkomende beheerprogram, met 14 dae spuitintervalle, by eerste tekens van simptome. • Verseker volledige bedekking van die plante • Dien tot vier (4) toedienings van MyCide 200 EW op die gewas toe. • Vir effektiewe seisoenale beheer is dit baie belangrik om na elke twee (2) MyCide 200 EW toedienings met swamdoders^a uit ander FRAC groepkodes af te wissel om die ontwikkeling van swamdoderbestande stamme te vermy.
SIERPLANTE Poeieragtige meeldou	45 – 90 mℓ MyCide 200 EW	<p>VERSIGTIG: MyCide 200 EW is nie op alle sierplant spesies en kultivars getoets nie. Toets gewasveiligheid op 'n paar plante voor wydverspreide gebruik.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onthoudingsperiode is nie van toepassing nie, maar moenie behandelde plante hanteer terwyl hulle nog nat is nie. • Begin 'n voorkomende program met 10 – 14 dag intervale sodra die eerste simptome sigbaar is. • Gebruik hoër dosis onder toestande van hoë siektedruk. • Moenie meer as 580 mℓ produk per hektaar toedien nie.

		<ul style="list-style-type: none"> Dien MyCide 200 EW toe in 'n spuitprogram met swamdoders van ander FRAC groepkodes.
STEENVRUGTE Poeieragtige meeldou <i>(Oidium leucoconium</i> sinoniem: <i>Sphaerotheca pannosa)</i>	15 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Begin 'n voorkomende program met 10 – 14 dag intervalle sodra die eerste simptome sigbaar is. Dien slegs twee keer op vrugte toe gedurende 'n seisoen. Dien MyCide 200 EW toe in 'n spuitprogram met swamdoders van ander FRAC groepkodes.
TAMATIES Poeieragtige meeldou <i>(Leveillula taurica)</i>	42 mℓ MyCide 200 EW	<ul style="list-style-type: none"> Begin met 'n voorkomende beheerprogram, met 7 – 10 dae spuitintervalle, by eerste tekens van simptome. Verseker volle bedekking op alle plant dele. Dien tot drie (3) toedienings van MyCide 200 EW op die gewas toe. Moenie twee (2) MyCide 200 EW toedienings direk na mekaar binne 'n spuitprogram toedien nie. Vir effektiewe seisoenale beheer is dit baie belangrik om na elke twee (2) MyCide 200 EW toedienings met swamdoders^a uit ander FRAC groepkodes af te wissel om die ontwikkeling van swamdoderbestande stamme te vermy.

^a Gebruik slegs geregistreerde produkte in spuitprogram.